higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

(11020323)

14 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Skepe word toenemende intermodaal aangepas.

1.2 Vragvliegtuie is in die laaste dekade baie gemoderniseer.

1.3 Die Sishen-Saldanha-spoorlyn staan ook as die Ngqura-hawe bekend.

1.4 Ro-ra-skepe ('ro-ro ships') is ontwerp om spoorlyne te vervoer.

1.5 'n Laaivakskip ('cellular container ship') is 'n seevaartuig wat spesifiek ontwerp is om vraghouers te vervoer.

1.6 Verkeersopeenhoping verminder reistye wat tyd, wat andersinds winsgewend aangewend kon word, vermors.

1.7 'n Algemene vervoerder verskaf dienste aan privaat persone.

1.8 Lughawebelasting sluit vliegtuiglanding in.

1.9 Tydsbenutting is die waarde wat toegevoeg word, deur goedere beskikbaar te stel op die tyd wat dit vir vervaardiging benodig word.

1.10 'n Passassier is iemand wat in 'n voertuig reis maar min of geen verantwoordelikheid vir die veilige bedryf van die voertuig het nie.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

BRT; watervervoer; vaartuig; vervoerhouerhyser (transtainer); spoor; vragskepe; monopolie; standaard houers; onvermydelike; kostefaktor; hantering; knipping; staalhouers; tegniese; skeuring

2.1 ... is die mees koste-doeltreffende manier om grootmaatvrag weens skaalbesparings oor lang afstande te vervoer.

2.2 ... dien om opeenhoping op openbare paaie te verminder en bied bekostigbare, vinnig en veilige openbare vervoer.

2.3 ... is 'n groot toestel wat op spore gemonteer is.

2.4 Suid-Afrikaanse ystererts word in gespesialiseerde … na China uitgevoer.

2.5 'n Skeletsleepwa is 'n gelede leunwa wat ontwerp is om … te vervoer.

2.6 Verpakking kan as 'n … beskou word.

2.7 Toesluiting (yarding) en … is stressors by die vervoer van hoenders.

2.8 … faktore verwys na aspekte wat 'n invloed het op hoe 'n onderneming bedryf word.

2.9 'n … is wanneer 'n enkele maatskappy alle tipes dienste verskaf.

2.10 Toerusting wat gebruik word om die geldigheid van kaartjies te bepaal sluit … in.

[10]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

DIE BELANG VAN VERVOER

Vervoer skep waardevolle skakels tussen streke en ekonomiese aktiwiteite en tussen mense en die res van die wêreld. Vervoer is 'n multidimensionele aktiwiteit en dit is om die volgende redes van belang: a) Geskiedenis. Vervoermetodes het verskillende bevorderlike invloede op die ontwikkeling van beskawing gehad; b) Maatskaplik. Vervoermetodes bevorder toegang tot gesondheidsorg, welsyn, en kulturele en kunsgebeure, en het dus 'n maatskaplike funksie; c) Polities. Die regering speel 'n kritieke rol in die voorsiening van vervoer en infrastruktuur aan die publiek; d) Omgewing. Besluite oor vervoer moet geëvalueer word terwyl die ooreenstemmende omgewingsimpak in ag geneem word; e) Ekonomies. Geen ekonomie kan sonder die bestaan van 'n behoorlike vervoerstelsel funksioneer nie.

Kopiereg voorbehou

3.1 Noem en verduidelik DRIE vervoermetodes wat waardevolle skakels tussen streke en ekonomiese aktiwiteite kan skep. (3 × 2) (6)

3.2 Noem VYF belangrike oorwegings om lewende hawe per pad te vervoer. (5)

3.3 Noem DRIE aspekte wat spanning (stres) kan veroorsaak wanneer hoenders vervoer word. (3)

3.4 Verduidelik mark- of industrie- en besigheidsfaktore wat oorweeg moet word. (10)

3.5 Onderskei tussen *private* en *openbare* vervoerstelsels. (2 × 2) (4)
[28]

VRAAG 4

4.1 Bespreek die rede vir die regulering van passassiervervoer kortliks. (10)

4.2 Noem VYF vereistes vir roetebepaling. (5)

4.3 Noem die VYF stappe in 'n kommunikasieplan wat by die vervoeromgewing pas. (5)

4.4 Met verwysing na die gevallestudie oor multidimensionele vervoer, noem agt regulasies van die Wet op Nasionale Padverkeer wat op die laai van voertuig van toepassing is. (8 × 1) (8)

4.5 Beskryf VYF risiko's wat geloop word wanneer voertuie oorlaai word. (5 × 2) (10)
[38]

VRAAG 5

5.1 Definieer die volgende terminologie:

5.1.1 Intermodale vervoer

5.1.2 Multimodale vervoer

(2 × 2) (4)

5.3 Noem en verduidelik SES generiese modale eienskappe. (10)
[14]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou